  - *Vir die behandeling van bipolêre versteuring:*
    - Indien jy swanger is.
    - Indien jy is vrou is wat nog kan swanger raak, tensy die voorwaardes van die Swangerskapvoorkomingsprogram nagekom word (sien Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid: Swangerskap – Belangrike inligting vir vrouens).
- Indien jy of jou kind ’n aktiewe lewersiekte het, insluitende die volgende:
  - Indien jy of jou kind kort- of langtermyn (erge) inflammasie van die lewer (hepatitis) het.
  - Indien jy of jou kind (of enige naverwante familielede) ’n geskiedenis van erge hepatitis (inflammasie van die lewer) het, veral as dit deur medisynes veroorsaak is.
  - Indien jy of jou kind aan porfirie van die lewer ly (’n uiters seldsame metaboliese siekte).
- Indien jy of jou kind ingelig is dat julle ’n genetiese probleem het wat deur ’n mitochondriale versteuring veroorsaak word (bv. Alpers-Huttenlocher-sindroom).

- Indien jy of jou kind ’n bekende metaboliese versteuring het, naamlik ’n versteuring van die ureumsiklus.
- Indien jy ’n aangebore karnitiengebrek (’n uiters seldsame metaboliese siekte) het, wat nie behandel word nie.

Indien jy dink dat jy of jou kind enige van hierdie probleme mag hê, of indien jy enigsins twyfel, konsulteer jou dokter voordat jy EPILIZINE neem of EPILIZINE vir jou kind gee.

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls

Neem spesiale sorg met EPILIZINE:

- **Indien jy ’n vrou of vroulike adolessent is wat kan swanger raak:**
  - Indien jy ’n vrou of ’n vroulike adolessent is wat oud genoeg is om swanger te raak, behoort jou dokter jou alleenlik met EPILIZINE te behandel indien jy nie swanger is nie en jy aan die vereistes van die Swangerskapvoorkomingsprogram voldoen (sien Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid: Swangerskap – Belangrike inligting vir vrouens).
  - Indien jy EPILIZINE neem en jy besluit jy wil met ’n gesin begin, praat so gou as moontlik met jou dokter hieroor. Moenie ophou om EPILIZINE te neem of voorbehoeding (kontrasepsie) te gebruik voordat jy kans gehad het om dit met jou dokter te bespreek nie. Dit is noodsaaklik dat jy met jou dokter praat oor die risiko’s vir jou baba se gesondheid, terwyl jou siekte steeds onder beheer gehou word. Jy en jou dokter moet saamstem rakende jou behandeling voordat jy probeer om swanger te raak (sien Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid: Swangerskap – Belangrike inligting vir vrouens).
- **Indien jy ’n vroulike kind (dogter) het wat EPILIZINE gebruik:**
  Die ouers of versorgers van ’n vroulike kind (dogter) wat met EPILIZINE vir epilepsie behandel word, moet die dokter kontak sodra sy haar eerste maandstonde kry.
- **Indien jy swanger is:**

Indien jy swanger is, sê onmiddellik vir jou dokter (sien afdeling 2).

- Indien jy of jou kind skielik ’n siekte ontwikkel, veral as dit binne die eerste ses maande van behandeling is, en veral as dit herhaalde braking, buitensporige moegheid, buikpyn, lomerigheid, swakheid, verlies aan aptyt, naarheid, geelsug (vergeling van die vel of die wit van die oë), swelling van die bene, verergering van jou epilepsie of ’n algemene gevoel van ongesteldheid insluit, **MOET JY ONMIDDELLIK JOU DOKTER DAAROOR INLIG**. EPILIZINE kan by ’n baie klein aantal pasiënte die lewer (en soms ook die pankreas) aantas.
- Die risiko van lewerskade is groter indien EPILIZINE deur jou kind wat jonger as 3 jaar oud is geneem word, wat ander anti-epileptiese medisyne gepaardgaande neem of ander neurologiese of metaboliese siektes en erge vorms van epilepsie het.
- Veral indien jou kind jonger as 3 jaar oud is, behoort EPILIZINE nie saam met asetielsalisielsuur (aspirien) toegedien te word nie.
- Indien jy of jou kind wat EPILIZINE neem probleme met balans en koördinasie ontwikkel, opgooi, lomerig of minder waaksaam voel, sê onmiddellik vir jou dokter. Dit kan weens verhoogde ammoniakvlak in die bloed wees.
- Konvulsies kan erger raak of meer gereeld voorkom terwyl EPILIZINE geneem word. Indien dit gebeur, kontak onmiddellik jou dokter.
- Indien jy of jou kind sistemiese lupus eritematose het (SLE – ’n seldsame siekte van die immuunstelsel wat die vel, bene, gewrigte en inwendige organe affekteer).
- Indien jy of jou kind ingelig is dat julle enige metaboliese versteurings het, veral ’n aangebore ensiemgebrekversteuring, soos ’n ureumsiklusversteuring, waar te veel ammoniak in die liggaam ophoop.
- Indien jy of jou kind nierprobleme het. Jou dokter kan die vlak van EPILIZINE in jou liggaam monitor of vir jou ’n laer dosis gee.
- Indien jy of jou kind gewig optel, omdat julle aptyt verhoog mag wees. Praat met jou dokter oor hoe dit jou of jou kind gaan affekteer.
- Indien jy of jou kind diabetes het, mag EPILIZINE die resultate van urientoetse affekteer.

- Indien jy of jou kind te eniger tyd gedagtes van selfbesering of selfdood sou kry, kontak onmiddellik jou dokter.
- Indien jy of jou kind alkohol drink. Inname van alkohol word nie aanbeveel tydens behandeling met EPILIZINE nie (sien EPILIZINE met kos, drinkgoed en alkohol).
- Indien jy of jou kind ingelig is dat julle ’n karnitienpalmitoïeltransferase tipe II-gebrek het.
- Indien jy of jou kind ingelig is dat daar ’n genetiese probleem in julle familie is wat deur ’n mitochondriale versteuring veroorsaak word.
- Indien die beheer van jou of jou kind se epilepsie verswak in terme van frekwensie of ernstigheidsgraad terwyl EPILIZINE geneem word, sê onmiddellik vir jou dokter.
- Jou dokter of jou kind se dokter gaan moontlik bloedtoetse wil laat doen voordat jy of jou kind begin om EPILIZINE te ontvang, sowel as gedurende die behandeling.
- EPILIZINE behoort met omsigtigheid gebruik te word vir die behandeling van epilepsie by manlike sowel as vroulike kinders wat jonger as 18 jaar oud is.
- EPILIZINE moet alleenlik by volwasse mans wat nog beplan om ’n kind te verwek gebruik word indien alternatiewe opsies vir behandeling nie geskik is nie
- EPILIZINE behoort nie by kinders en adolessente onder die ouderdom van 18 jaar vir die behandeling van manie geassosieer met bipolêre versteurings, gebruik te word nie

Ander medisynes en EPILIZINE

Sê altyd vir jou gesondheidsorgdeskundige indien jy of jou kind enige ander medisyne neem. (Dit sluit alle komplementêre of tradisionele medisynes in.)

Party ander medisynes mag die effek van EPILIZINE beïnvloed, of omgekeerd. Dit sluit in:

- neuroleptiese middels (word gebruik om psigologiese versteurings te behandel) – EPILIZINE kan die effekte van hierdie medisyne verhoog
- antidepressantterapie (medisynes wat gebruik word om depressie te behandel, insluitende monoamienoksidase-inhibeerders)

- bensodiasepiene, wat gebruik word as slaaptablette of om angs te behandel
- ander medisynes wat gebruik word om epilepsie te behandel, insluitende fenobarbitaal (fenobarbitoon), fenitoïen, primidoon, lamotrigien, karbamasepien en felbamaat
- kannabidiol (gebruik om epilepsie en ander toestande te behandel)
- sidovudien (gebruik om MIV-infeksies en Vigs te behandel)
- meflokien en chlorokien (gebruik om malaria te behandel of te voorkom) mag die waarskynlikheid van ’n toeval verhoog. Voordat jy na ’n malariagebied reis, behoort jy advies van jou of jou kind se dokter of apteker te kry oor die mees geskikte tablette vir voorkomende behandeling.
- salisilate (aspirien), veral by kinders jonger as 3-jarige ouderdom (sien Waarskuwings en voorsorgmaatreëls)
- antikoagulante (gebruik om bloedklonte te voorkom)
- simetidien (gebruik om ulkusse te behandel)
- eritromisien, rifampisien, linesolied (gebruik om infeksies te behandel)
- karbapenem-antibiotika soos imipenem, ertapenem en meropenem (antibiotika wat gebruik word om bakteriële infeksies te behandel). Die kombinasie van EPILIZINE en karbapenemme moet vermy word omdat dit die effek van EPILIZINE mag verminder.
- rufinamied (gebruik om konvulsies te behandel)
- kolestiramien (gebruik om oormatig hoë vlakke van lipiede [vet] in die bloed te behandel)
- protease-inhibeerders (gebruik om MIV te behandel), soos lopinavir en ritonavir
- asetasoolamied (gebruik om gloukoom, toevalle of swelling van die brein te behandel). Die kombinasie met EPILIZINE mag ophoping van ammoniak in die liggaam veroorsaak.
- temosolomied (gebruik om kanker te behandel)
- wanneer dit in kombinasie met olansapien gebruik word (gebruik om psigiatriese versteurings te behandel), kan die volgende effekte voorkom: Neutropenie – ’n bloedversteuring wat kan lei tot ’n belemmerde vermoë om infeksie te bekamp, droë mond, verhoogde aptyt en gewigstoename, probleme met spraak, slaperigheid of buitensporige moegheid.

- propofol (gebruik vir narkose)
- nimodipien (gebruik vir breinbloedings)
- estrogeen-bevattende medisynes (insluitende party voorbehoedpille) (sien Waarskuwings en voorsorgmaatreëls). Monitor toevalle (stuipe) en beheer van gemoedstoestand wanneer jy begin of ophou om estrogeen-bevattende tablette te neem.
- metamisool (gebruik om pyn en koors te behandel) kan bloedvlakke van valproaat (in EPILIZINE) verlaag. Bloedtoetse of streng monitering van toevalbeheer (stuipe) en beheer van gemoedstoestand word aanbeveel.
- metotreksaat (gebruik om kanker en inflammatoriese siektes te behandel)
- sommige middels teen infeksie wat pivalaat bevat (bv. pivampisillien, adefovirdipivoksiel).

Hierdie en ander medisynes mag deur EPILIZINE geaffekteer word, of affekteer hoe goed dit werk. Jy of jou kind kan verskillende hoeveelhede van die medisyne benodig, of kan moontlik ’n ander medisyne moet neem. Jou dokter sal vir jou raad gee.

EPILIZINE met kos, drinkgoed en alkohol

Inname van alkohol tydens behandeling met EPILIZINE word nie aanbeveel nie (sien Neem spesiale sorg met EPILIZINE).

EPILIZINE moet verkieslik met of na ete geneem word om die gevoel van naarheid te verminder wat kan voorkom nadat EPILIZINE geneem is.

Sluk die beheerdevrystellingstablette heel in, maar nie met belugte mineraalwater nie (sien afdeling 3).

Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid

Swangerskap

Indien jy swanger is of jou baba borsvoed, moet jy nie EPILIZINE gebruik nie (sien afdeling 2).

Indien jy swanger is of jou baba borsvoed, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer voordat jy EPILIZINE neem.

Belangrike inligting vir vrouens en vroulike kinders wat kan swanger raak, en swanger vrouens:

Indien jy of jou vroulike kind (dogter) swanger is, moet julle nie EPILIZINE gebruik nie, tensy jou dokter vasgestel het dat daar geen geskikte alternatiewe behandeling beskikbaar is nie.

Indien jy of jou vroulike kind (dogter) in staat is om ’n kind te hê, moet EPILIZINE nie gebruik word nie, tensy die voorwaardes van die Swangerskapvoorkomingsprogram nagekom word.

EPILIZINE kan skadelik vir die ongebore kind wees indien dit aan ’n vrou toegedien word terwyl sy swanger is. EPILIZINE kan ernstige geboortedefekte veroorsaak, en dit kan ook die groeiende kind se ontwikkeling affekteer.

Voordat EPILIZINE vir jou of jou kind voorgeskryf word, vereis die voorwaardes van die Swangerskapvoorkomingsprogram die volgende:

- Jou dokter moet vir jou verduidelik wat met jou baba kan gebeur indien jy swanger raak terwyl jy EPILIZINE neem. Jy moet seker maak dat jy hierdie risiko’s verstaan.
- Jy gaan gevra word om ’n swangerskapstoets te doen voordat jy begin om EPILIZINE te gebruik, of daarna indien nodig. Dit is om seker te maak dat jy nie swanger is nie.
- Doeltreffende geboortebeperking (kontrasepsie) gaan aanbeveel word sodat jy kan verhoed om swanger te raak terwyl jy EPILIZINE gebruik.
- Jou dokter gaan bepaal of jy kontrasepsie en die noodsaaklikheid vir kontrasepsie sonder onderbreking tydens die volle duur van die behandeling met EPILIZINE, verstaan.
- Jou dokter gaan jou behandeling gereeld hersien (ten minste een keer per jaar).
- **Jou dokter gaan jou vra om ’n “Jaarlikse Risiko-erkenningsvorm” te lees en te onderteken,** om seker te maak dat jy goed bewus is van en al die risiko’s verstaan wat

verband hou met die gebruik van EPILIZINE tydens swangerskap, en bewus is van al die aanbevelings oor hoe om swangerskap te vermy en dit verstaan.

- Jou dokter gaan vir jou ’n Pasiëntgids gee. **Maak seker dat jy die Pasiëntgids lees.**
- **Jy sal ook ’n Pasiëntkaart van jou apteker ontvang, om jou te herinner aan die risiko’s gekoppel aan die gebruik van EPILIZINE tydens swangerskap.**
- Jou dokter gaan vir jou verduidelik wat jy moet doen indien jy later sou besluit dat jy ’n baba wil hê. Indien jy beplan om swanger te raak, moet jy dit eers met jou dokter bespreek. Moenie ophou om EPILIZINE te neem of jou metode van kontrasepsie onderbreek nie, totdat jy kans gehad het om dit met jou dokter te bespreek.
- Die ouers of versorgers van ’n vroulike kind (dogter) wat met EPILIZINE behandel word, moet die dokter kontak sodra die vroulike kind wat EPILIZINE gebruik, haar eerste maandstonde kry.

Kies asseblief die situasie wat op jou of jou kind van toepassing is en lees die beskrywing wat daarop volg:

- EK BEGIN BEHANDELING MET EPILIZINE (Eerste voorskrif)
- EK NEEM EPILIZINE EN EK IS NIE VAN PLAN OM ’N BABA TE HÊ NIE
- EK NEEM EPILIZINE EN EK BEPLAN OM ’N BABA TE HÊ
- EK IS SWANGER EN EK NEEM EPILIZINE.

EK BEGIN BEHANDELING MET EPILIZINE (Eerste voorskrif)

- Indien dit die eerste keer is wat EPILIZINE vir jou voorgeskryf is, sou jou dokter vir jou die risiko’s wat dit vir ’n ongebore kind inhou indien jy swanger sou word, verduidelik het.
- Indien jy kan swanger raak of sodra jy kan swanger raak, sal jy moet seker maak dat jy ’n doeltreffende metode van geboortebeperking (kontrasepsie) dwarsdeur jou behandeling gebruik. Bespreek dit met jou dokter of gesinsbeplanningkliniek indien jy advies rakende geboortebeperking (kontrasepsie) nodig het.

- Swangerskap moet uitgesluit word voordat behandeling met EPILIZINE begin word deur middel van ’n swangerskapstoets (bloedtoets), wat deur jou dokter bevestig moet word.
- Jy moet gepaste metodes van geboortebeperking (kontrasepsie) met jou dokter bespreek.
- EPILIZINE het geen effek op die doeltreffendheid van jou mondelikse voorbehoedpil nie.
- Party voorbehoedpille wat estrogeen bevat, kan die bloedvlak van valproaat (die aktiewe bestanddeel in EPILIZINE) verlaag (sien Ander medisynes met EPILIZINE).
- Jy moet seker maak dat jy ’n doeltreffende metode van geboortebeperking (kontrasepsie) vir die volle duur van jou behandeling gebruik.
- Jy moet gereeld (ten minste jaarliks) ’n afspraak met ’n dokter maak wat ondervinding in die bestuur van epilepsie of bipolêre versteuring het.
- Sê dadelik vir jou dokter indien jy swanger is of dink dat jy swanger mag wees.
- Sê vir jou dokter indien jy beplan om swanger te raak.
- Dit is belangrik dat jy jou dokter kontak indien jou vroulike kind (dogter) wat met EPILIZINE behandel word, haar eerste maandstonde kry.

EK NEEM EPILIZINE EN EK IS NIE VAN PLAN OM ’N BABA TE HÊ NIE

Indien jy behandeling met EPILIZINE voortsit en jy nie beplan om ’n baba te hê nie, moet jy seker maak dat jy sonder onderbreking ’n doeltreffende metode van geboortebeperking (kontrasepsie) vir die volle duur van jou behandeling met EPILIZINE gebruik. Bespreek dit met jou dokter of personeel by die gesinsbeplanningkliniek indien jy advies oor kontrasepsie nodig het.

- Maak seker dat jy ’n doeltreffende metode van kontrasepsie vir die volle duur van jou behandeling gebruik.
- Jy moet gereeld (ten minste jaarliks) ’n afspraak met ’n dokter maak wat ondervinding in die bestuur van epilepsie of bipolêre versteuring het.
- Sê **onmiddellik** vir jou dokter indien jy swanger raak of dink dat jy swanger mag wees.
- Sê vir jou dokter indien jy beplan om swanger te raak.

- Die ouers of versorgers van ’n vroulike kind (dogter) wat met EPILIZINE behandel word, moet die dokter kontak sodra die vroulike kind wat EPILIZINE gebruik, haar eerste maandstonde kry.

EK NEEM EPILIZINE EN EK BEPLAN OM ’N BABA TE HÊ

Indien jy op behandeling met EPILIZINE is en beplan om ’n baba te hê, moet jy eers ’n afspraak met jou dokter skeduleer. Jy behoort lank genoeg voor jy swanger raak met jou dokter te praat, sodat jy en jou dokter verskeie stappe kan neem om te verseker dat jou swangerskap so glad as moontlik gaan verloop en dat enige risiko’s vir jou en jou baba soveel as moontlik verminder word. Jou dokter mag ’n ander medisyne vir jou epilepsie voorskryf wat minder risiko vir jou baba mag inhou.

- Moenie ophou om EPILIZINE te neem of jou geboortebeperking (kontrasepsie) staak nie, totdat jy dit met jou dokter bespreek het. Jou dokter gaan jou adviseer wanneer jy kan ophou om voorbehoeding te gebruik.
- Babas wat gebore word van moeders wat EPILIZINE gebruik het, het ’n ernstige risiko van geboortedefekte en ontwikkelingsprobleme, wat erge gestremdheid kan veroorsaak.
- Jou dokter gaan moontlik jou behandeling aanpas en/of dieetaanvullings van foliensuur voorskryf. Foliensuur kan die risiko van spina bifida (’n geboortedefek) en vroeë miskraam verlaag. Dit is egter onwaarskynlik dat foliensuur die risiko van geboortedefekte wat met die gebruik van EPILIZINE gepaard gaan, sal verminder.
- Jy moenie ophou om EPILIZINE te ontvang nie, tensy jou dokter saamstem, omdat dit ernstige risiko’s vir jouself en jou ontwikkelende baba inhou indien jou epilepsie nie beheer word nie.
- Indien jy swanger is of dink dat jy moontlik swanger mag wees, moet jy **onmiddellik** jou dokter gaan sien.

EK IS SWANGER EN EK NEEM EPILIZINE

Vrouens behoort nie swanger te raak terwyl hulle EPILIZINE ontvang nie. Jy behoort ’n doeltreffende metode van geboortebeperking (kontrasepsie) te gebruik en jou dokter te raadpleeg voordat jy swangerskap beplan.

- EPILIZINE het geen effek op die doeltreffendheid van jou mondelikse voorbehoedpil nie.
- Skeduleer ’n dringende afspraak met jou dokter indien jy swanger is of dink dat jy swanger mag wees. Jou dokter gaan jou verder adviseer.
- Moenie ophou om EPILIZINE te gebruik nie, tensy jou dokter vir jou sê om dit te doen, omdat jou toestand mag vererger. Indien ’n moeder tydens swangerskap ’n ernstige soort toeval sou kry, waar die suurstoftoevoer na haar en haar ongebore baba moontlik afgesny kan word, word die risiko van sterfte vir die moeder en die ongebore kind verhoog. Jou dokter sal jou verder adviseer.
- Maak seker dat jy verwys word na ’n dokter wat ondervinding in die behandeling van epilepsie of bipolêre versteuring het, om jou behandelingsopsies te herevalueer.
- Jy moet deeglike berading ontvang oor die risiko’s van EPILIZINE gedurende swangerskap, insluitende misvormings en ontwikkelingseffekte by kinders.
- Maak seker dat jy na ’n dokter verwys word vir voorgeboortelike monitering om die moontlike voorkoms van misvormings op te spoor.

Die risiko’s van EPILIZINE wanneer dit tydens swangerskap geneem word:

- EPILIZINE kruis die plasentale skans by mense.
- Babas wat gebore word van moeders wat EPILIZINE tydens hul swangerskap ontvang het, is blootgestel aan ernstige risiko van geboortedefekte en probleme met ontwikkeling, wat erge gestremdheid kan veroorsaak.
- Dit is bekend dat by vrouens wat EPILIZINE neem, ongeveer 10 uit elke 100 babas geboortedefekte gaan hê, in vergelyking met 2 – 3 uit elke 100 babas by vrouens wat nie epilepsie het nie.

- Hierdie geboortedefekte wat mag ontstaan by jou ontwikkelende baba, sluit in spina bifida (’n toestand waar die bene van die ruggraat nie behoorlik ontwikkel het nie), defekte van die skedel en gesig (gesig- en skedelmisvormings), misvorming van die ledemate, hart, niere en geslagsorgane, hipospadie (misvorming van die uretra) en talryke anomalieë wat verskeie liggaamstelsels betrek.
- Gehoorprobleme of doofheid is by kinders wat aan EPILIZINE blootgestel is tydens swangerskap gerapporteer en dit word aanbeveel dat vir tekens en simptome van gehoorverlies gemonitor word.
- Misvormings van die oog is gerapporteer by kinders wat tydens swangerskap aan valproaat, soos in EPILIZINE, blootgestel is, gepaardgaande met ander aangebore misvormings. Hierdie oogmisvormings kan sig affekteer.
- Kinders gebore van moeders wat EPILIZINE tydens swangerskap ontvang het, mag belemmerde fisieke en geestesontwikkeling of outistiese versteurings hê. Daar is bewyse dat kinders meer geneig kan wees om simptome van aandaggebrek-hiperaktiwiteitsteuring (AGHS/ADHD) te ontwikkel.
- Dit word beraam dat soveel as 30 tot 40 % van voorskoolse kinders wie se moeders EPILIZINE gedurende swangerskap ontvang het, probleme mag hê met ontwikkeling tydens die vroeë kinderjare. Kinders wat aangetas is, mag laat begin om te loop en te praat, minder intellektueel bekwaam wees as ander kinders en probleme met taal en geheue ondervind.
- Dit is dus noodsaaklik dat jy jou behandeling met jou dokter bespreek indien jy dit oorweeg om swanger te raak of dat jy jou dokter inlig sodra jy weet dat jy swanger is.
- Jou dokter sal moontlik jou behandeling wil aanpas en/of dieetaanvullings van folaat voorskryf.
- Jy moenie ophou om EPILIZINE te neem nie tensy jou dokter saamstem, omdat dit ernstige risiko’s vir jouself en jou ontwikkelende baba inhou indien jy ongekontroleerde epilepsie het.

Pasgebore babas van moeders wat EPILIZINE tydens swangerskap geneem het, mag die volgende hê:

- Bloedstollingsprobleme (bloed stol nie behoorlik nie). Dit kan gesien word as kneusing, of bloeding wat lank neem om te stop.
- Hipoglukemie (lae bloedsuikervlakke).
- Hipotiroïdisme (onderaktiewe skildklier, wat moegheid en gewigstoename kan veroorsaak).
- Onttrekkingsindroom (agitasie, prikkelbaarheid, uitermatige opgewondenheid, rusteloosheid, toename in spierbewegings, spierprobleme, tremor, konvulsies en voedingsprobleme) wanneer dit gedurende die laaste trimester van swangerskap gebruik is.

Belangrike advies vir manlike pasiënte wat ’n kind kan verwek

Moontlike risiko wat verband hou met die gebruik van EPILIM in die 3 maande wat bevrugting voorafgaan

’n Studie dui daarop dat indien jy valproaat neem in die 3 maande voordat bevrugting plaasvind, jou kind ’n hoër risiko van belemmerde verstandelike en/of motoriese ontwikkeling mag hê, in vergelyking met kinders van vaders wat lamotrigien of levetirasetaam, ander medisynes wat gebruik kan word om jou siekte te behandel, geneem het. In hierdie studie het omtrent 5 uit 100 kinders van vaders wat met valproaat behandel is, soos in EPILIM, en omtrent 3 uit 100 kinders van vaders wat met die ander medisynes behandel is, sulke versteurings gehad. Daar is geen data beskikbaar rakende hierdie moontlike risiko vir kinders wat meer as 3 maande nádat behandeling met valproaat gestaak is, verwek is nie (die tydperk wat nodig is vir nuwe spermselle om gevorm te word).

As ’n voorsorgmaatreël gaan jou dokter die volgende met jou bespreek:

- die moontlike risiko indien ’n kind verwek sou word terwyl jy met EPILIM behandel word

- die noodsaaklikheid vir jou en jou vroulike geslagsmaat om doeltreffende kontrasepsie (voorbehoeding) te gebruik gedurende die behandeling en vir 3 maande nadat EPILIM gestaak is
- die noodsaaklikheid dat jy jou dokter konsulteer om alternatiewe behandelingsopsies te bespreek sodra jy beplan om ’n kind te verwek en voordat kontrasepsie (voorbehoeding) gestaak word
- om nie tydens behandeling en vir 3 maande ná staking van behandeling sperm te skenk nie.

Moenie jou behandeling staak sonder om dit eers met jou dokter te bespreek nie. Jou simptome kan erger raak indien jy jou behandeling staak. Indien jou vroulike geslagsmaat swanger raak en jy valproaat in die 3 maande voor bevrugting gebruik het, moet julle albei die dokter kontak vir berading.

Jy behoort jou dokter gereeld te konsulteer (ten minste jaarliks). Gedurende die besoek sal jou dokter verseker dat jy bewus is van die risiko’s en voorsorgmaatreëls wat met die gebruik van EPILIM gepaard gaan.

Borsvoeding

EPILIZINE word in borsmelk uitgeskei. Jy behoort nie jou baba te borsvoed indien jy EPILIZINE neem nie (sien afdeling 2).

Vrugbaarheid

EPILIZINE kan onvrugbaarheid veroorsaak by sowel mans as vrouens, wat nie altyd omkeerbaar is nie.

Bestuur en gebruik van masjiene

EPILIZINE kan lomerigheid of lighoofdigheid veroorsaak. Die neem van ander medisynes wat gebruik word om toevalle te behandel of emosionele en geestesgesondheidprobleme te kalmeer, kan slaperigheid vererger. Dit is nie altyd moontlik om te voorspel tot watter mate EPILIZINE met jou daaglikse aktiwiteite mag inmeng nie. Maak seker dat jy weet hoe jy op EPILIZINE reageer voordat jy ’n motor bestuur, gereedskap of masjinerie hanteer of enigiets anders doen wat vir jou gevaarlik kan wees indien jy lomerig of lighoofdig is.

EPILIZINE bevat natrium

EPILIZINE CR 200 bevat 18,43 mg natrium (bestanddeel van tafelsout) in elke tablet. Dit is gelykstaande aan 0,92 % van die aanbevole maksimum daaglikse inname van natrium vir ’n volwassene.
EPILIZINE CR 300 bevat 27,65 mg natrium (bestanddeel van tafelsout) in elke tablet. Dit is gelykstaande aan 1,38 % van die aanbevole maksimum daaglikse inname van natrium vir ’n volwassene.
EPILIZINE CR 500 bevat 46,08 natrium (bestanddeel van tafelsout) in elke tablet. Dit is gelykstaande aan 2,30 % van die aanbevole maksimum daaglikse inname van natrium vir ’n volwassene.

3. HOE OM EPILIZINE TE NEEM

Moenie medisynes wat vir jou of jou kind voorgeskryf is, met enigiemand anders deel nie.

Jy moet altyd EPILIZINE neem of dit vir jou kind gee presies volgens jou dokter se aanwysings. Bespreek dit met jou dokter of apteker indien jy onseker is.

’n Dokter wat spesialiseer in die behandeling van epilepsie moet die behandeling met EPILIZINE begin en toesig hou daaroor.

Sluk die EPILIZINE CR-tablette heel in (moenie dit fyndruk of kou nie), met ’n bietjie water (nie belugte mineraalwater nie), gewoonlik met of na maaltye. EPILIZINE CR is ’n formulering met beheerde vrystelling en kan een of twee keer daagliks geneem word.

Epilepsie

Volwassenes

Die gebruiklike dosis EPILIZINE is tussen 1 000 mg en 2 000 mg per dag, maar dit kan verhoog word tot 2 500 mg per dag. Hierdie hoeveelheid kan in een dosis gegee word of dit kan verdeel word en in 2 aparte dosisse gegee word, bv. helfte in die oggend en helfte in die aand.

Kinders

Kinders swaarder as 20 kg:

Die gebruiklike dosis EPILIZINE word op die kind se gewig gebaseer as ’n hoeveelheid EPILIZINE vir elke kilogram liggaamsgewig. Die gebruiklike dosis is tussen 20 mg en 30 mg per kg liggaamsgewig, maar dit kan verhoog word tot 35 mg vir elke kg liggaamsgewig per dag. Hierdie hoeveelheid verdeel word en in 2 aparte dosisse gegee word, bv. helfte in die oggend en helfte in die aand.

Kinders onder 20 kg:

Die gebruiklike dosis EPILIZINE word op die kind se gewig gebaseer as ’n hoeveelheid EPILIZINE vir elke kilogram liggaamsgewig. Die gebruiklike dosis is 20 mg vir elke kg liggaamsgewig. Hierdie hoeveelheid moet verdeel word en in 2 aparte dosisse gegee word, bv. helfte in die oggend en helfte in die aand.

EPILIZINE vir die behandeling van manie wat met bipolêre versteurings gepaard gaan by volwassenes

Die gebruiklike aanvangsdosis is 1 000 mg/dag.

Bejaarde pasiënte

Jou dosering sal bepaal word op grond van die toevalbeheer wat dit bied en gaan deur jou dokter aanbeveel word.

Pasiënte met nierprobleme

Jou dokter kan besluit om jou of jou kind se dosis aan te pas.

Vroulike kinders, vrouens wat nog vrugbaar is en swanger vrouens

Swanger vrouens, sowel as meisies en vrouens wat nog kan swanger raak, moenie EPILIZINE gebruik nie, behalwe as hul dokter vasgestel het dat daar geen geskikte alternatief is nie of as die voorwaardes van die Swangerskapvoorkomingsprogram nagekom word (sien afdeling 2).

EPILIZINE verlaag nie die doeltreffendheid van hormonale voorbehoedmiddels nie. Estrogeen-bevattende voorbehoedmiddels kan egter die opruiming van valproaat versnel, wat moontlik kan veroorsaak dat EPILIZINE se doeltreffendheid verminder (sien Ander medisynes en EPILIZINE).

Indien jy die indruk kry dat die effek van EPILIZINE te sterk of te swak is, sê dit vir jou dokter of apteker.

Maak seker dat jy jou gereelde opvolgondersoeke nakom. Dit is baie belangrik, aangesien dit nodig mag wees dat jou dosis aangepas word.

Wanneer behandeling aanvanklik begin word, kan ’n laer dosis vir jou voorgeskryf word. Dit is omdat party pasiënte minder EPILIZINE nodig het as ander om hulle toevalle te beheer. Jou dokter gaan jou dosis verhoog totdat jou toestand onder beheer is. Dit is dus baie belangrik dat jy jou dokter se aanwysings rakende die dosis streng nakom. Bloedtoetse kan nodig wees.

Kombinasieterapie

Indien jy terselfdertyd as EPILIZINE CR ander medisynes neem om jou epilepsie te beheer, kan jou dokter die dosis EPILIZINE CR met 5 mg tot 10 mg vir elke kg liggaamsgewig per dag verhoog.

Indien jy of jou kind meer EPILIZINE ontvang as wat nodig is

'n Oordosis van EPILIZINE is gevaarlik. In geval van 'n oordosis, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifsentrum.

Tekens van oordosering of dat te veel EPILIZINE geneem is, sluit in:

- Koma, swak spiertonus wat slapheid van die liggaam veroorsaak.
- Onvermoë om behoorlik asem te haal.
- Min of geen reflekse is teenwoordig nie wanneer daar met 'n reflekshamer getoets word.
- Vernouing van die pupille – die pupille word kleiner.
- Metaboliese asidose – wat voorkom wanneer die liggaam oormatige hoeveelhede suur produseer of as die niere nie in staat is om genoeg suur uit die liggaam te verwyder nie.
- Daling in bloeddruk en daaropvolgende ineenstorting van die liggaam as gevolg van 'n tekort aan bloedvloei.
- 'n Groot oordosis kan noodlottig wees.

Simptome in gevalle van oordosis:

- Dit mag wissel, maar kan toevalle en baie hoë druk binne die skedel insluit.
- Die natriuminhoud van EPILIZINE kan hipernatremie (oormatige natriuminhoud in die liggaam) veroorsaak wanneer dit in oormaat geneem word.

Indien ’n dosis EPILIZINE oorgeslaan is

Indien jy of jou kind ’n dosis EPILIZINE oorgeslaan het, neem dit of gee dit vir jou kind sodra jy daarvan onthou. Indien dit egter amper tyd is vir die volgende dosis, moet die dosis wat vergeet is, oorgeslaan word.

Moenie ’n dubbele dosis neem of vir jou kind gee om op te maak vir ’n vergete dosis nie.

Indien jy vergeet het om etlike dosisse te neem of om dit vir jou kind te gee, moet jy onmiddellik jou dokter kontak.

Indien jy of jou kind ophou om EPILIZINE te gebruik

Moenie ophou om EPILIZINE te neem of vir jou kind te gee, of die dosis wysig, sonder om eers jou dokter te raadpleeg nie. Indien jy EPILIZINE staak of dit nie vir jou kind gee nie, sonder dat jou dokter dit aangedui het, kan jou toestand of jou kind se toestand vererger.

4. MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE

EPILIZINE kan newe-effekte hê.

Nie alle newe-effekte wat vir EPILIZINE gerapporteer is, word in hierdie inligtingsblad ingesluit nie. Indien jou algemene gesondheid sou verswak of indien julle enige ongunstige effekte ondervind terwyl hierdie medisyne geneem word, moet jy asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer raadpleeg.

Sê onmiddellik vir jou dokter of gaan na die ongevalleafdeling by jou naaste hospitaal indien jy enige van die volgende ernstige newe-effekte opmerk:

- allergiese reaksies, wat gewrigspyn, veluitslae en koors (sistemiese lupus eritematose) veroorsaak
- ’n allergie-uitgelokte swelling met pynlike, jeukerige bulte (angio-edeem); meestal rondom die oë, lippe, tong en keel, met asemhalings- en slukprobleme, en soms die hande en voete
- sindroom met medisyne-uitslag, koors, vergroting van die limfknope en moontlike belemmering van ander organe (DRESS-sindroom)

- herhaalde braking, buitensporige moegheid, buikpyn, lomerigheid, swakheid, verlies aan aptyt, erge pyn in die boonste deel van die buik, naarheid, geelsug (vergeling van die vel en die wit van die oë), swelling van die bene, verergering van jou epilepsie of ’n algemene gevoel van ongesteldheid
- erge afname in witbloedselle of beenmurgversaking, soms deur koors en asemhalingsprobleme of herhalende infeksie aangedui
- bloedstollingsprobleme (bloei vir langer as normaal)
- kneusing of bloeding sonder rede
- EPILIZINE kan ook verminderde plaatjie- of rooibloedseltelling (pansitopenie) veroorsaak
- belemmerde geheue en kognitiewe versteurings (veranderings in gemoedstoestand, vergeetagtigheid, gebrek aan konsentrasie)
- verlies aan bewussyn (koma)
- onderaktiewe skildklier, wat moegheid of gewigstoename veroorsaak (hipotiroïdisme)
- probleme met asemhaling en pyn as gevolg van inflammasie van die longe (pleurale effusie)
- veranderings in die bewussynsvlak, bisarre gedrag gepaardgaande met/of nie meer gereelde of erger toevalle, verlies aan dryfkrag, veral indien fenobarbitaal (fenobarbitoon) en topiramaat gelyktydig geneem word of as die dosis EPILIZINE skielik verhoog is
- veranderings in die hoeveelheid ammoniak in die bloed. Simptome van hierdie toestand is naarheid en braking, probleme met balans en koördinasie, gevoel van lusteloosheid of verminderde waaksaamheid.
- verwardheid wat moontlik die gevolg is van verlaagde vlakke van natrium in jou bloed
- ekstrapiramidale versteuring (voel bewerig [tremore], slaperig, wankelrige stap of rukkerige spierbewegings)
- blase met vel-loslating (die vel skilfer af)
- vinnige, onbeheersde bewegings van die oë
- spierpyn en spierswakheid (rabdomiolise)
- ’n toename in die aantal en ernstigheidsgraad van konvulsies.

Dit is alles **ernstige newe-effekte**. Jy kan dringend mediese sorg benodig.

Ander newe-effekte is:

Newe-effekte wat dikwels voorkom

- braking, naarheid (voel mislik) of maagpyn, diarree
- duiseligheid
- gehoorprobleme
- hoofpyn
- haarverlies; wanneer dit teruggroei kan dit meer krullerig wees as vantevore
- hare, insluitend die hare op die liggaam en die gesig groei meer as normaalweg by vrouens (polisistiese ovariële sindroom)
- menstruele veranderings (veranderings in ’n vrou se maandstonde)
- gewigstoename (omdat jou aptyt verhoog mag wees)
- afname in karnitienvlakke (gesien met bloed- en spiertoetse)
- aggressie, agitasie, versteurde aandag
- tinteling of gevoelloosheid van die hande of voete
- gingivale (tandvleis) probleme, veral oorgroei
- seer mond, geswelde mond, mondsere en brandgevoel in die mond (stomatitis).

Newe-effekte wat minder dikwels voorkom

- floutes, hallusinasies (sien, voel of hoor dinge wat nie bestaan nie)
- velreaksies soos veluitslae
- aknee, dieper stem
- veranderings in haarkleur, nael- en naelbedversteurings
- swelling van die voete en bene (edeem)
- nierprobleme, bednatmaak of groter behoefte om te urineer
- urineer baie en voel dors (Fanconi se sindroom)

- abnormale gedrag, rusteloosheid/hiperaktiwiteit en leerversteuring
- belemmerde vrugbaarheid
- afname in liggaamstemperatuur
- beenversteurings, insluitend osteopenie en osteoporose (verdunning van die been) en frakture, is gerapporteer. Bespreek dit met jou dokter of apteker indien jy op langtermyn anti-epileptiese medikasie is, ’n geskiedenis van osteoporose het, of steroïede neem
- dubbelvisie.

Frekwensie onbekend:

- Pelger-Huet-anomalie (’n aangebore bloedtoestand, waar die kerne van die witbloedselle ’n ongewone vorm en struktuur het), wat jou dokter met behulp van ’n bloedtoets sal bepaal.

Kinders:

Die veiligheidsprofiel van EPILIZINE by kinders is vergelykbaar met dié by volwassenes, maar sommige ongunstige reaksies is erger en word meer dikwels by kinders waargeneem. Daar is in besonder ’n risiko van erge lewerskade by babas en jong kinders, veral jonger as 3 jaar oud. Jong kinders het in besonder ’n risiko vir pankreatitis. Hierdie risiko’s verlaag met toenemende ouderdom (sien Waarskuwings en voorsorgmaatreëls). Psigiatriese versteurings soos aggressie, agitasie, aandagsteuring, abnormale gedrag, psigomotoriese hiperaktiwiteit en leerversteuring word hoofsaaklik by kinders waargeneem.

Indien jy enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie inligtingsblad genoem word nie, lig asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer daaroor in.

Rapportering van newe-effekte

Indien jy newe-effekte ondervind, bespreek dit met jou dokter, apteker of verpleegkundige. Jy kan newe-effekte direk by Sanofi se Eenheid vir Farmakowaaksaamheid rapporteer deur ’n e-pos na za.drugsafety@sanofi.com te stuur of 011 256 3700 te skakel.

Jy kan ook newe-effekte aan SAHPRA rapporteer via die Med Safety-toepassing (Medsafety X SAHPRA) en eRapportering-platform (who-umc.org) wat op SAHPRA se webwerf beskikbaar is.

Deur newe-effekte te rapporteer, kan jy help om meer inligting rakende die veiligheid van EPILIZINE te verskaf.

5. HOE OM EPILIZINE TE BERG

BERG ALLE MEDISYNES BUITE BEREIK VAN KINDERS.

Bêre EPILIZINE CR in die oorspronklike verpakking by of onder 25 °C.

Beskerm teen lig en vog.

EPILIZINE CR kan bederf indien dit nie korrek bewaar word nie. Dit is baie belangrik om die tablette in die beskermende foelie te hou tot net voordat jy dit neem.

Moenie EPILIZINE CR ná die vervaldatum wat op die verpakking aangedui word, neem of gebruik nie.

Neem alle ongebruikte medisyne of medisyne wat verval het, terug na jou apteker vir veilige wegdoening.

Moenie ongebruikte medisyne in dreine of rioolstelsels (bv. toilette) wegdoen nie.

6. INHOUD VAN DIE VERPAKKING EN ANDER INLIGTING

Wat EPILIZINE CR bevat

Die aktiewe bestanddeel is natriumvalproaat.

Die ander bestanddele is:

Etielsellulose, gehidreerde silika, hipromellose en pers deklagie bevattende: hipromellose, titaandioksied, makrogol 400, indigokarmyn-aluminiumlak FD&C Blue No. 2, eritrosien BS aluminiumlak, swart ysteroksied.

Hoe EPILIZINE CR lyk en inhoud van die verpakkings

EPILIZINE CR 200: ongemerkte, langwerpige, pers, filmbedekte tablette, nominale grootte 13,25 x 6,75 mm.

EPILIZINE CR 300: ongemerkte, langwerpige, pers, filmbedekte tablette, nominale grootte 15 x 7,5 mm.

EPILIZINE CR 500: ongemerkte, langwerpige, pers, filmbedekte tablette, nominale grootte 17,25 x 9,75 mm

EPILIZINE CR 200, EPILIZINE CR 300 en EPILIZINE CR 500 tablette word in silwer aluminiumfoelie-stulpstroke, met ’n inligtingsblad, in bedrukte kartonne met 56 of 100 tablette verpak.

Houer van Registrasiesertifikaat

sanofi-aventis south africa (edms.) bpk.

Hertford Office Park, Gebou I, 5de Vloer

Bekkerweg 90, Vorna Vallei

Midrand 2196

Suid-Afrika

Tel: 011 256 3700

Hierdie inligtingsblad is laas hersien

02 April 2025

Registrasienommers

EPILIZINE CR 200: A39/2.5/0038

EPILIZINE CR 300: A39/2.5/0039

EPILIZINE CR 500: A39/2.5/0040

Registrasiedatum

04 Desember 2009.